

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

S T U D Y

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSORIËTERING

ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK (AANVULLEND)

10 OKTOBER 2017

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

LEWENSORIËTERING
1062A



10620A

X01

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.



M



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. Die vrae in AFDELING A en AFDELING B is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING C.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 'n Geskilbyleggingsvaardigheid ('dispute resolution skill') wat gebruik word om twee partye te help om 'n ooreenkoms te bereik, word ... genoem.

- A samewerking
- B bemiddeling
- C medewerking
- D skikking

1.1.2 'n Graad 12-skoolverlater kan werkloosheid met informele werk, ... teenwerk.

- A vrywillige werk en internskappe
- B entrepreneurskap en studiebeurse
- C leerderskappe en internskappe
- D entrepreneurskap en vrywillige werk

1.1.3 As jy gevra word om te 'analiseer' hoe werk betekenis aan jou lewe gee, sou jy ...

- A die waarde en doel van werk in jou lewe illustreer.
- B beoordeel hoe werk jou in staat stel om jou vermoëns te gebruik.
- C ondersoek hoe werk jou help om 'n gelukkige lewe te lei.
- D beskryf hoe werk jou help om te groei en ontwikkel.

1.1.4 Lae-impak-oefeninge kan ... insluit.

- A spring, hardloop en kardio-skopboks
- B stap, oefeninge in 'n sittende posisie en dans
- C fietsry, stap en touspring
- D hardloop, oefeninge in 'n sittende posisie en spring

1.1.5 'n Gemeenskap kan help om probleme met dwelmmisbruik te verminder deur ...

- A forums te stig om dwelmverslaafdes en gesinne by te staan.
- B wette oor gesondheid en veiligheid te skep en te verander.
- C dwelmhandelaars in die gemeenskap in hegtenis te neem en te vervolg.
- D vir die rehabilitasie van dwelmverslaafdes in die werksplek te reël.

(5 x 1)

(5)



- 1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.2.1 'n Wêreldwye multisportgeleentheid vir atlete met verskillende fisiese uitdagings
- 1.2.2 'n Verkorte weergawe van die kerninhoud van 'n vak wat aantekeninge volgens kolpunte, geheuekaarte of tabelle insluit
- 1.2.3 Die vermoë om te wys dat jy ander se gevoelens verstaan en dat jy simpatie en empatie met hulle het
- 1.2.4 'n Onderwyser se daaglikse waarneming en monitering van leerders se vordering om terugvoering te gee
- 1.2.5 'n Persoon wat hom/haar vir maatskaplike, politieke en omgewingsverandering in die samelewing beywer (5 x 1) (5)
- 1.3 Beantwoord die volgende vrae deur die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) in die ANTWOORDEBOEK te skryf. Skryf jou antwoorde in VOLSINNE.
- 1.3.1 Bespreek die belangrikheid van afkoelingsoefeninge na fisiese aktiwiteit. (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Hoe kan ondersoekende joernalistiek tot 'n demokratiese samelewing bydra? (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Onderskei tussen *studiestategieë* en *studievaardighede*. (2 + 2) (4)
- 1.3.4 Verduidelik EEN geestelike voordeel van deelname aan fisiese aktiwiteite. (1 x 2) (2)
- TOTAAL AFDELING A: 20**

AFDELING B (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. Skryf jou antwoorde in VOLSINNE.

VRAAG 2

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

EKSAMENSTRES!



'Ek is nie meer bang om toetse en eksamens te skryf nie, maar dit lyk asof ek nou 'n vrees vir studeer ontwikkel het.'

[Aangepas uit www.google.com. Toegang op 17 Februarie 2017 verkry.]

- 2.1 Definieer die term *stres* en gee TWEE moontlike redes waarom die seun in die spotprent aan eksamenstres gely het. (1 + 2) (3)
- 2.2 Bespreek EEN fisiese simptoom van stres wat 'n negatiewe invloed op studeer kan hê. (1 x 2) (2)
- 2.3 Verduidelik hoe 'n persoonlike missiestelling jou kan help om jou studiedoelwitte te bereik. (1 x 2) (2)
- 2.4 Evalueer hoe die volgende eksamenstres kan verminder:
- Hersiening
 - Ontspanning (2 + 2) (4)
- 2.5 Stel TWEE praktiese oplossings voor wat 'n leerder kan gebruik om konflik met sy/haar ouers oor swak skoolprestasie op te los. (2 x 2) (4)
- [15]**

VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HOOFORSAKE VAN STERFTES IN SUID-AFRIKA

Volgens 'n onlangse verslag deur die Departement van Gesondheid is sterftes onder jong volwassenes hoofsaaklik deur hoë bloeddruk/hipertensie en infeksies veroorsaak. As gevolg van hierdie verslag het sommige gemeenskappe gemeenskapsprojekte begin om sterftes wat deur leefstylsiektes veroorsaak word, te voorkom.

[Aangepas uit www.statssa.gov.za. Toegang op 16 Maart 2017 verkry.]

- 3.1 Definieer *hoë bloeddruk/hipertensie* en verduidelik EEN leefstylkeuse wat daartoe kan lei. (1 + 2) (3)
- 3.2 Bespreek EEN moontlike rede waarom mense ongesonde leefstylkeuses maak wat tot hoë bloeddruk/hipertensie kan lei. (1 x 2) (2)
- 3.3 Gee EEN riglyn oor hoe projekbestuurders die effektiwiteit van gemeenskapsprojekte om leefstylsiektes te verminder, kan evalueer. (1 x 2) (2)
- 3.4 Verduidelik TWEE redes waarom sommige pasiënte nie die behandeling van hulle leefstylsiektes voltooi nie. (2 x 2) (4)
- 3.5 Analiseer TWEE voordele van sosiale ondersteuning vir iemand wat met 'n leefstylsiekte saamleef. (2 x 2) (4)

[15]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou antwoorde moet in die vorm van 'n TWEE KORT OPSTELLE wees. Punte sal slegs aan antwoorde toegeken word wat in VOLSINNE geskryf is.

VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

MY LEWE ... MY KEUSE ...

Dit is beide vreesaanjaend en opwindend om te beseef dat jy verantwoordelik is vir wat volgende in jou lewe gebeur. 'n Persoonlike leefstylplan is 'n hulpmiddel om jou toekomsplanne te verwesenlik.

[Aangepas uit <http://www.medium.org/personal-growth>. Toegang op 21 Mei 2017 verkry.]

Skryf 'n kort opstel oor 'n persoonlike leefstylplan.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Definieer die term *persoonlike leefstylplan* en verduidelik die waarde van so 'n plan.
- Noem DRIE aspekte om in ag te neem wanneer 'n persoonlike leefstylplan ontwikkel word.
- Bespreek DRIE maniere waarop 'n persoonlike leefstylplan jou kan help om tot 'n veiliger samelewing by te dra.

[15]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

MENSEREGTESKENDINGS IN SUID-AFRIKA

Hulle het by ons huis ingebreek, my man met stokke geslaan en alles gevat!

[Aangepas uit www.theguardian.com. Toegang op 6 April 2017 verkry.]

Skryf 'n kort opstel oor menseregteskendings.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Definieer *menseregteskendings* en verduidelik die mensereg wat in die uittreksel hierbo geskend is.
- Bespreek DRIE maniere waarop die gemeenskap die slagoffers in die uittreksel hierbo kan help om menseregteskendings te hanteer.
- Bespreek DRIE strategieë wat die Suid-Afrikaanse regering kan implementeer om die voortslepende probleem van menseregteskendings in ons land op te los.

[15]

VRAAG 6

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

WERWING VIR WERK IN SUID-AFRIKA

Jy sal vroeër of later aan die werwingsprosesse wat alle werksoekers deurmaak, blootgestel word voordat 'n posisie in 'n maatskappy vir jou aangebied word.

[Bron: Google]

Skryf 'n kort opstel oor die werwingsproses.

Gebruik die volgende as riglyn:

- Definieer die term *werwingsproses* en verduidelik die belangrikheid van so 'n proses.
- Noem en beskryf DRIE aksies wat sal verseker dat jou werksaansoek aanvaar word.
- Noem EEN manier waarop ELK van die volgende arbeidswette 'n regverdigde werksomgewing skep:
 - Die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
 - Die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
 - Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 80

